



# Tjokkiebrief

Tjokkies  
Preprimêr

051-5223628

Kw. 3 NUUSBRIEF 1  
23 Julie 2024

## Baie Welkom!

Die Derde kwartaal het voluit weggespring. Mag die kwartaal voorspoedig verloop vir al ons kleuters, ouers en personeel.

Die volgende paar weke is die heel belangrikste tyd vir ons “op-die-drumpel” Gr R—maats. Om elkeen se potensiaal en skoolgereedheid tot die maksimum te bevorder, moet die skool en u as ouers saamwerk. Neem die verantwoordelikheid op om die Departementele werkboekie saam met u kleuter deur te werk. Gee daagliks aandag aan **telwerk** en **beginklankies**.

Help u kleuter met **selfdisipline**, **deursettingsvermoë** en **konsentrasie**.

Maak seker dat u kleuter die “Doelwitte van die Kwartaal” bemeester en kom gesels asseblief met ons oor enige kommer rakende u kleutertjie se vordering.

\* Dit is ook wys om ‘n Gr R kleuter vóór toetrede tot Graad 1 te neem vir ‘n sig en gehoortoets.

*Saam is ons beter!*



## Roetine

Probeer asseblief om so gou as moontlik weer in roetine te kom ter wille van u kleutertjie se sekuriteit en selfvertroue. Skep ook tuis ‘n vaste roetine.

‘n Kleuter moet vroeg gaan slaap en die dag uitgerus begin. Onthou die volgende resep vir ‘n goeie dag:  
Magie vol, blasie leeg, neusie skoon, ASEMPIE VARS!

## Skoolgeld

Skoolgeld is betaalbaar voor of op die 7de van elke maand.

(Januarie tot November)

Baie dankie vir getroue inbetaling van skoolgelde wat ondersteunend is tot die suksesvolle funksionering van ons skool.

## Tema's vir die kwartaal

Die volgende tema's is in ons beplanning vir hierdie kwartaal:

- ◇ Winter
- ◇ Sport
- ◇ Plaasdiere
- ◇ Wilde diere
- ◇ Net een wêreld (pas hom op)



## Bederfdag

Bederfdag vir die kwartaal is slegs R120 vir beide kwartale 3 en 4. Daar word dan nie in kwartaal 4 weer Bederfdag gehef nie. Die bedrag sal op Karri betaalbaar wees teen Maandag, 29 Julie.

# Radio Rosestad

Tjokkies Preprimêr het die geleentheid om vanaand tussen 19h00 en 20h00 in die ateljee aan die **ROSESTAD Skole Top 10** deel te neem. Ons is beperk tot slegs 4 kleuters en het een kleuter uit elke Gr R-klas geïdentifiseer om die Tjokkie-kleuters te verteenwoordig.

Skakel gerus in en wees deel daarvan. Noem ook aan vriende en familie om saam te luister. Daar is ook 'n w/app lyn (061 999 1006) waarheen u tydens die program boodskappies kan stuur om Tjokkie-maats te groet.

## Ons 4 deelnemertjies is:

- Amé Snyman
- Kevin Harmse
- Bea Strauss
- EJ van Niekerk



## Kalender

Let asseblief op na die datums vir die res van die jaar om op hoogte van ons program te bly.



## Kommunikasie

Wees asseblief bewus daarvan dat personeel nie noodwendig selfoonboodskappe in skooltyd lees nie. Vir dringende reëlings, skakel eerder vir Sanet by die kantoor en laat 'n boodskap. (051-522 3628)



## Parkeerterrein

Ons doen weereens 'n ernstige beroep op almal wat die parkeerterrein binnekom om veilig en bedagsaam te bestuur en bedag te wees op kinders en ouers wat tussen die voertuie beweeg.



**Mag hierdie  
kwartaal 'n heerlike  
kwartaal vir almal  
wees!**

